# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 18/05 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **Vroeë skoolsluiting:**
   Die skool sluit op Maandag, 21 Mei, om 12:00 aangesien alle personeel 'n departementele vergadering te Kareedouw moet bywoon. Roetebusse vertrek om 12:05.

2. **Eksamenreëlings:**
   Die eksamen neem Woensdag, 23 Mei, 'n aanvang. Skoolure vanaf Woensdag, 23 Mei is vir ALLE leerders vanaf 08:00 tot 12:00. Roetebusse vertrek om 12:15. Die skool sluit vir leerders Dinsdag, 19 Junie, ten einde personeel geleentheid te gee vir personeelontwikkeling en opleiding. Rapporte sal eers op Vrydag, 22 Junie, om 08:00 beskikbaar wees.
   Alle graad 7 – 12-leerders mag op blokdae by die huis studeer. Indien hulle by die skool wil kom leer, moet dit met die skoolhoof gereël word.
   Alle graad 10 – 12-leerders moet op die dae wat hulle skryf om 08:30 in hulle banke sit. Hierdie reëling moet stiptelik nagekom word.
   Vanaf 23 Mei, sal daar geen verdere sportoefeninge wees nie.

3. **Klerebank:**
   Gedurende die eksamentyd is die klerebank op Dinsdae en Donderdae vanaf 12:00 tot 12:30.

4. **CAMI- en ekstra Wiskundeklasse:**
   Ekstra CAMI- en Wiskundeklasse sal eers weer in die derde kwartaal hervat.

5. **Radikale redenaars:**
   Hiermee net 'n regstelling van die uitslae soos in die vorige nuusbrief bekend gemaak is:

   Die organiseerders van Radikale Redenaars het nagelaat om Miencke Strydom (gr. 7) se uitslae op hul webwerf te plaas. Miencke het 'n A+ ontvang vir al vyf die items waaraan sy deelgeneem het. Sy dring deur na die Nasionale Finaal vir voorlesing van Engelse poësie. Ons is baie trots op haar.

6. **Nasorgsentrum:**
   "Die nasorg bestaan al 6 jaar en ons help kinders van Ma. tot Vr. met huiswerk.

   Ek is gekwalifiseer as 'n neuroterapeut. Lora en Nita studeer onderwys deur UNISA. Ons werk ook nou saam met die onderwyser om u kind se huiswerk op die regte manier te doen. Indien u kind sukkel met iets, kry ons ekstra werk van die onderwyser om u kind mee te help.

   Vanaand as u tuis kom, is die huiswerk klaar en kan u kindjie net rustig speel en daar is nie 'n gestoei om huiswerk te doen as hulle al moeg is. Die mondelinge en take word

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

tuis gedoen.
Plek: Koshuiseetsaal. Tye: 12:35 tot 17:00. Indien die skool vroeër uitkom, begin die nasorg ook vroeër en kom 16:00 uit. Indien die kind se huiswerk klaar is en vroeër wil huis toe gaan, laat weet ons die ouer.

Kindertjies bring iets te ete en te drinke nasorg toe. Die kinders is ook naby die skool vir sport en ander aktiwiteite."

Kontak asb. vir: Elmarie Janse van Rensburg
Tel no: 042 2731090 of 082 8785 251
Epos: elmariejvr@langkloof.net

7. **Sport:**

- Uitslae: LS Jeffreysbaai: Sportdag: 12 Mei:

  Rugby:

| | |
|---|---|
| 0/7 | 3 gespeel; 3 gewen |
| 0/9 | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/11 | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/13 | 2 gespeel; 2 verloor |

  Netbal:

| | |
|---|---|
| 0/7 | 2 gespeel; 1 gelykop; 1 gewen |
| 0/8A | 2 gespeel; 1 gelykop; 1 gewen |
| 0/9A | 2 gespeel; 2 gewen |
| 0/9B | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/10A | 2 gespeel; 1 gewen; 1 gelykop |
| 0/10B | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/11A | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/11B | 2 gespeel; 2 verloor |
| 0/12A | 2 gespeel; 2 gewen |
| 0/13B | 2 gespeel ; 2 verloor |

  Die 0/13A- en 0/16-spanne het aan die Sarah Baartman-kampioenskappe deelgeneem. Die 0/13-span het uitstekend gespeel. Hul het teen Stulting verloor en vir Port Alfred gewen. Die 0/16-span het teen Nico Malan verloor.

- 0/10-Netballiga:
  Hoërskool McLachlan se 0/10A-netbalspan het die Koukammanetballiga gewen. Baie geluk aan hierdie span asook hul afrigter, me. Karien van der Mescht.

- Netballiga:
  Die 0/11-netballigawedstryde vind op Woensdag, 23 Mei, om 12:45 by Hoërskool McLachlan se bane plaas. Slegs die 0/11A-span neem deel.
  Kom ondersteun asseblief ons dogters. 'n Snoepie sal oop wees vanaf 12:00 met koffie/tee/warm sjokoladedrankies/koeldranke en boereworsrolle @ R15. Skyfies, lekkers en kollewyntjies sal ook te koop wees.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Glenwood-sportdag: Saterdag, 26 Mei:
  Daar is netbal- en rugbyoefening vir alle **deelnemende spanne** op Dinsdag, 22 Mei, om 14:40 (verkorte oefening).

Spanne wat gaan deelneem:

| | |
|---|---|
| Rugby: | 0/15 (7's); 0/16 (7's); 0/19 |
| Netbal: | 0/14; 0/15; 0/16; 0/18 |

| | | |
|---|---|---|
| Bustye: | Ravinia: | 04:45 |
| | Skool: | 05:00 |
| | Krakeel: | 05:10 |
| | Louterwater: | 05:20 |
| | Misgund: | 05:30 |

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg